

23 September

Skrifgedeelte: Jesaja 12

Fokusgedeelte: Jesaja 12:1-6

Jesaja se gebed

In hierdie lentetyd van die jaar verander alles rondom ons. Ons sien bloeisels aan die vrugtebome, nuwe blare aan bome en struike, die gras wat weer groen uitloop. Sien ons elke dag die werke en optrede van die Here raak, ook heel konkreet in ons lewens?

Vanweë hulle ontrou, afgodediens en ongehoorsaamheid het die Here sy volk destyds in ballingskap na vreemde lande laat wegvoer. Hierdie tugtiging en straf sou egter nie vir altyd voortduur nie. 'n Oorblyfsel van die volk sou weer na die beloofde land toe terugkeer. Hulle sou die Here opnuut getrou begin dien. Wanneer hierdie heerlike dinge in hulle lewens gebeur, sou die volk op 'n bepaalde manier optree, ook in hulle gebede. Dit word vir ons in Jesaja 12:1-6 beskryf. Hulle is vol vreugde en blydskap oor die uitkoms wat die Here gegee het. Met blye en opgewonde harte loof en prys hulle die Here in hulle gebede en hulle sang.

Maak vandag opnuut jou oë oop vir die optrede van die Here, ook in jou lewe. Hoe Hy as Vader by jou in liefde betrokke is. Sien sy nabyheid raak, sy hulp en uitkoms toe dinge in jou lewe moeilik was. Dink aan die antwoorde wat Hy vir jou gegee het toe jy geworstel het, die vrede toe jy vol angs en kommer was, sy krag toe jy moedeloos was. Maak jou oë oop vir sy trou in jou lewe en hoe Hy deur jou hele lewe met jou op pad is.

Loof en prys Hom vandag opnuut in jou gebede vir al sy groot en liefdevolle daede in jou lewe. Dinge wat alles genade is en aan jou uitgedeel word vanweë die versoeningswerk van sy geliefde Seun. En vertel ook vol blydskap vandag aan ander van daardie wonderlike uitkomst wat die Here al so dikwels bewerk het.

Sing: Psalm 107:1, 3 (2001-omdigting)

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)